# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 51** **Nr 09** **15 Maart 2026**


## Koningskinders

Die term Koningskinders is al sinoniem met evangelisasie in die GKSA. Dit staan elke gemeente vry om self die geleentheid aan te gryp om op so 'n besondere wyse kinders uit ons gemeenskap geleenthede te bied wat nie altyd moontlik is nie.

Die inisiatief het in die 1980's begin toe ds. Lammert Stavast sommer 'n kombi vol kinders gelaai het en met hulle see toe gery het. Stelselmatig het die behoefte gegroei veral vir kinders wie se huise nie kerklik gebonde is nie, en al hoe meer gemeentes het die "*patent*" gebruik vir kinder-evangelisasie.

In my matriekjaar het ons gemeente in Pietersburg-Noord die eerste keer 'n kamp gehou. Dit het my lewe drasties verander. My oë het oopgegaan vir die geestelik nood in ons gemeenskap en selfs eie buurt. Ek het ook betrokke geraak by die koningskinders in Cachet-gemeente tydens my studentejare. Daar was ook kampe wat ek help aanbied het in Ellisras en Potgietersrus. Later saam met sewe gemeentes in die Bosveld streek.

Ons het ook kampe gehou in Hoedspruit en Kimberley, en so ook hier in Centurion. Die nood bly oral dieselfde, die verlange na die suiwere evangelie van Christus wat sondaars red.

Dit maak hierdie woordjie so uniek, Koningskinders, want dit is nie net vir kinders aan wie die evangelie verkondig word nie. Elke kind van ons hemelse Vader is 'n kind van die Koning. Ook ek en jy is Koningskinders.

Kyk watter groot liefde God aan ons bewys het, dat Hy ons sy kinders noem!

Dit is 'n voorreg en seën om 'n kind van die Koning te mag wees. Ons wat natuurlik kinders van die sonde was, word nou kinders van God gemaak. Deur sy liefde maak Hy ons sy kinders. Hy neem ons aan sodat ons egte kinders mag wees. En ons moet dit ook wees. Maar kinders van die Koning maak jou ook 'n prins en prinses. Dit is 'n wonderlike eretitel en status, en tog ook nie. Want 'n prins en prinses wat nie hulle ereplek waardig is nie, bring die Koning in onguns.

Watter voorreg geniet ons tog om kinders van God genoem te word. Mag ons ook met die Nagmaal sien hoe kosbaar dit is, om saam met ons Here Jesus te deel in die wonderlike gawe as Koningskinders.

Lourens (vdm)

# *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***
Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614**
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*

Basdenlaan 226
Lyttelton

Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: **Vandag**: Nagmaal **Volgende week**: Les 7, Ps 145-1-1,12

**KLEUTERKLAS**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.
*(Janneke Wessels – 071 898 5900)*

## Dienspersoneel

| Datum | Wyk | Oudl Afr Diens | Oudl vir Afkondigings | Diaken | Klank | Projektor | Video Uitsending |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 15-Mar | C10 | Hein Venter | Jan Erasmus | Henk Koch | Hannie vd Bergh | Nicolai vd Merwe | Charl vd Bergh |
| 22-Mar | C11 | Thys Reynecke | Thys Reynecke | Henk Sweers | Louise van Niekerk | Gert Reinecke | Adrianv Niekerk |

## KOLLEKTES

Vandag: **Spesiale Kollekte** (tydens erediens )

Volgende week: **Barmhartigheid**

Vandag: **Thusofonds** (by die deure)

Volgende week: **Kerkkas**

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za

# Verjaarsdae

## Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 15 Mrt | Gerrit | Beumer | C07 | 0825725235 |
| | Loura | Bye | C05 | 0798063325 |
| | Karen | Kirsten | C14 | 0720821547 |
| | Cherlene | Marais | A18 | 0768164246 |
| | Dean | vd Berg | B01 | 0833993670 |
| 16 Mrt | Hendrik | Botma | B03 | 0825790285 |
| | Jan | Erasmus | C09 | 0828833346 |
| | Liza | Pieters | C07 | 0723780802 |
| | Christelle | Steyn | C06 | 0720607107 |
| 17 Mrt | James | Plant | A17 | 0662002176 |
| | Zirk | Pretorius | C14 | 0824697801 |
| | Wynandt | van Wyk | A01 | 0722253843 |
| 18 Mrt | Marisha | Cronje | A16 | 0824517106 |
| | John | Goosen | A09 | 0828825170 |
| | Maryke | Mulder | C07 | 0829680474 |
| | Lienkie | Nel | C01 | 0718636912 |
| | Inge | Pelser | B05 | 0632210318 |
| | Inge | van Rooy | C13 | 0823452759 |
| | Reghardt | Wessels | C12 | 0835567253 |
| 19 Mrt | Casper | Cassidy | C12 | 0824130372 |
| | Etienne | de Beer | A07 | 0767437508 |
| | Marco | Els | B01 | 0826181248 |
| | Alden | Peach | C01 | 0763485439 |
| | Sumei | v Antwerpen | A08 | 0835564276 |
| 20 Mrt | Ida | Reinecke | B04 | 0829282120 |
| | Suanne | vd Walt | C15 | 0723052323 |
| 21 Mrt | Leonora | Kotzé | B08 | 0619951974 |
| | Loutjie | Malherbe | B05 | 0828526948 |
| | Nadine | Venter | B14 | 0724377852 |

## Dooplidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 16 Mrt | Mpho | Mtshweni | E01 | 0767547951 |
| 18 Mrt | Adelaine | du Plooy | B10 | 0825252169 |
| | Ockert | Liebenberg | A02 | 0745849413 |
| | Luanri | Venter | A04 | 0714855995 |
| 20 Mrt | Devan | du Toit | C10 | 0827287312 |

# Ons gee om vir Mekaar

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Willem Prinsloo sterk aan in Midstream hosp met longontsteking (C15 - 082 900 8495).
- ***Meelewing*** word betuig met André en Chané Beumer en familie na die afsterwe van Chané se vader.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

# PAASPROGRAM

**22 Maart 2024**

om 18:00

**Wie sê julle is Ek?**

olv

Ds. Maarten van Helden

Dit beloof om 'n verrykende geloofservaring te wees



## *Alethea Outreach 11:00*

Like us on facebook:
https://www.**facebook**.com/aletheaministry/
Rev Maarten van Helden

**Bernina @ Saxby**—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkap-masjiene. Diens en herstel van alle fabrikaat naaldwerk-masjiene. Dalena Kruger 072 974 2728.

**Huiskontrakteur** – herstel/waterdigting van dakke; verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

**Verkoop u, u huis?** Onthou dit is u Verkoper se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag daarmee wil help. Ook testamente en boedels. Pieter Wolmarans Prokureurs 083 949 88 99.

**Te Huur**: Tuinhuis in Eldoraigne R9500pm. 2 Sk, 1 bk, 1 mh. Oopplan leef area en ruim tuin. Plek vir klein troeteldier. Anneli 072 238 3616.

**Kamer met badkamer gesoek** miv 1 Junie, vir Helen, skoonmaakster by die kerk. Verkieslik loopafstand van die kerk. Skakel gerus vir ouma Annah Sekhu 076 758 7843.

**Betroubare huishulp Ma, Di, Do en Vrydae**-Maria Mthimunye 079 808 6614 (Verwysing Martie Vilas 071 683 0348).

## *Koningskinders-klerebank*

GK Centurion het 'n Koningskinders-klerebank. Enige gemeentelid met 'n behoefte is welkom om ons te nader.

Die uitreik is baie diskreet en gratis. Alle klere en skoene word deur die gemeentelede geskenk.

Daar is tans ’n behoefte aan die volgende kinderklere vir dogters en seuns 5 - 9 jr, vanaf 12 - 14 jr asook mansklere. Ons soek ook nuwe onder-klere vir seuns en 2-stuk onderklere vir dogters en nuwe kouse. (Ons gee nie gebruikte onderklere uit nie.)

Ons help sovêr moontlik alle ouderdomme van baba tot volwas-senes.

Skakel my gerus:

Helena du Plessis

079 460 7774



# Padkos

Padkos is ‘n WhatsApp goep waarop daar vir 6 dae van die week ‘n dagstukkie per stemboodskap versprei word. Dis Die Almanak se oordenkings waarvan die betrokke Skrifdeel en die oordenking van die betrokke dominee gelees word, gevolg deur ‘n kort gebed.

Op die groep het net die administrateurs van die groep plasingsreg.

Jy word uitgenooi om dit te ontvang deur van die volgende skakel gebruik te maak wat jou deel van die Padkos WhatsApp groep sal maak:

Open this link to join my WhatsApp Group:
https://chat.whatsapp.com/ BY0jceZQqrlEvoQNEPwUXA?mode=ac_t

Ongelukkig is dit slegs per WhatsApp beskikbaar.




## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**15 Mrt**
Riëtha Maritz A13, A16 Johan Hoogendyk

**22 Mrt**

| | |
|---|---|
| Kobi vd Merwe A15 | Anton Smith |
| A17 | Renier vd Merwe |

## Nagmaalsete

Sondag, 15 Maart 2026 (na afloop van die oggenddiens)

Ons nooi u hartlik uit na om die Nagmaalsete saam te kom geniet en lekker te kuier.

**Wanneer**: Sondag 15 Maart 2026 (om 12:00 - na afloop van die oggenddiens).

**Diakonie verskaf**: Sappige gebraaide hoenderporsies en bykosse.

**U bring**: Eie drinkgoed, eetgerei en een slaai per gesin vir die gemeenskaplike tafel.

*Kom ons geniet saam die gemeenskap van gelowiges!*



## Nuwe Intrekkers - verwelkomingsfunksie

Woensdagaand 25 Maart om 19:00

Alle nuwe lidmate van die afgelope drie maande is welkom om die funksie by te woon.

Corné Smuts 082 889 9691

## J a g - v i r - j o u - K e r k



Die jagseisoen is eersdaags oop!!
Ondersteun Ollie en skenk 'n bok vir die Kerk. Ons betaal vir die verwerking (droëwors).
Skakel Tjaart vd Walt – 082 824 2933

## Sola Chorda – Kitaarbybelstudiegroep

Indien jy kitaarspeel en belangstel om aan te sluit by Sola Chorda (GKC se Kitaarbybelstudiegroep) kan jy gerus by die WhatsApp-groep aansluit vir meer inligting.

**Kyk uit vir die QR kode op die bord.**

Ons gaan liedere aanleer, ontleed en bespreek - 'n ander wyse van Bybelstudie, waar ons liedere aan die Skrif toets, terwyl ons as groep saam musiekmaak en so ons gawes ontwikkel.

Almal is welkom - jonk en oud. Gesout of geroes.

## Musiekvoorspel inligting

Psalm 111 - Oggenddiens

Psalm 111 is 'n post-eksiliese Hebreeuse akrostiese loflied (beginnend met Halleluja) wat ontwerp is vir maklike memorisering en liturgiese gebruik, waarskynlik in die herboude Tempel. Dit beklemtoon God se geregtigheid, verbondstrouheid en magtige werke – spesifiek die Eksodus, verbondsvoorsiening en voorsiening vir die gelowiges.

Psalm 11 - Aanddiens

Psalm 11 is 'n "psalm van vertroue" wat deur Dawid geskryf is, waarskynlik gedurende 'n tyd van groot gevaar toe vyande aangeval het of toe hy vir koning Saul gevlug het. Dit spreek die spanning aan tussen vreesgedrewe raad om te vlug en die keuse om op God se soewereiniteit te vertrou, soos die fondamente van die samelewing blyk te verkrummel.

### Voorsang

| Oggend | Aand |
|---|---|
| Ps 42: 3-5 | Sb 17-1: 1,2,3,6 |
| Ps 43: 3,4 | Sb 17-2: 3-6 |
| Ps 111: 1,2,3,5 | Ps 11: 1,3 |

# VAN DIE KERKRAADSTAFEL

**Ter Approbasie:**

Oudl: WD le Roux, Jan Venter, Hennie Venter Tom Kruger, Pieter Roos

Diak: Gert Reinecke

**Ontslag** word toegestaan op 18 Jan 2026 tydens die aanddiens, aan:

Oudl : Jaco Wattel (reeds toegestaan), Renier vd Merwe, Louis Trichardt

Diak: Marius Gerber, Theuns Louw, De Wet Burger

Die diakonie het **nuwe bestuur** aangekondig: Riaan van Schalkwyk (voorsitter), Henk Sweers (onder-voorsitter).

***Baie dankie*** aan De Wet Burger, Theuns Louw en Marius Gerber vir hul getroue diens aan die Diakonie die afgelope paar jaar.

# Attessake soos op 12 Maart 2026

### Met attestaat aangesluit

Martie Steyn van GK Hoëveld (C01)
Wilhelm Verwoerd van GK Heidelberg (A11)
Susan de la Porte van GK Pretoria-Wes (A09)
Gerrit en Brenda de Venter van GK Kemptonpark-Mooifontein (E01)

### Opgeneem uit ander Kerke

Sophia Kruger-Harmse van EG Kerk (C14)
Chantel Kotzé van NG Overkruin (B11)
Rochelle du Toit van NG Kerk Rooihuiskraal (B03)
JP Le Riche van Ned Herv Kerk Botswanna (C08)
Paul en Isabel du Randt van NG Nelspruit-Suid (A17)
Marcel Bezuidenhout van NG Pierre van Ryneveld (C01)
Ben en Larita Steyn en 3 dooplidmate van NG Raslouw (B08)
Simon Livison (E01)
Nancy Mnisi (E01)

### Met attestaat vertrek

Lucas Stone na GK Cullinan (B02)
Franke Linde na GK Rietvallei (A05)
Michell Wakeford na GK Cachet (C07)
Stefan Oosthuysen na GK Lyttelton (B08)
Davin Mitchell na GK Port Elizabeth (B17)
Danelle van der Merwe na GK Cachet (B06)
Dillen en Alri Claassen na GK Rietvallei (B10)
Ronnie en Tersia Anderson na GK Strand (B10)
Stefaans van der Walt na GK Krokodilrivier (B03)
Jaco en Nicolene Wattel na GK Reddersburg (B17)
Esmarie van der Merwe na GK Kemptonpark-Noord (B06)

### Gemeenskap verbreek

Bernice Collett (B15)

### Vertrek sonder attestaat

Corné du Plessis (A14)
Erich en Danae Coetzee (C07)
Christo Snyman vertrek na VSA (A04)
Chris en Suanne van der Walt en 3 dooplidmate (C15)

# Liturgiese Riglyne

## NAGMAAL

### S O N D A G O G G E N D 09:00

## Kinders van God

**Skriflesing**:
1 Johannes 3:1-10
(2020)

**Teksvers**:
1 Johannes 3:1-3

**Sing**:
Ps 89:2,6
Ps 34:6,8
Ps 65:3
Ps 103:1,2,7,9,11
Sb 1-1:2,3,7
Sb 13-3

Prediker: Ds Lourens Venter

Kyk! Ja kyk watter groot liefde God aan ons bewys. Om ‘n kind van God genoem te word. God maak van ons kinders, Hy maak ons waardig.

Uit onsself is ons weeskinders, kinders van die sonde. Nou mag ons egter in die Vader se woning kom bly. Hy berei immers vir ons plek, deur Sy Geliefde. Sy Eie Seun is ons plek-bereider.

Laat ons leef as waardige kinders van God wat aan sy tafel van genade deel het, wat Hom verheerlik.

### S O N D A G A A N D 18:00

## Een soos ons, maar met medelye

**Skriflesing**:
Hebreërs 4:14 -5:10
(1983)

**Teksvers**:
Hebreërs 4:15,16

**HK**: Sondag 5

**Sing**:
Lied 169:1,2,3
Ps 99:1,3,6
Sb 17-3
Ps 145:1,2,12
Ps 103:1,7,9,11
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

As ons by HK So 4 verby wil kom (die strawwende God), het ons iemand nodig wat werklik in ons plek kan staan. Waarlik een soos ons, maar ook een groter, beter en meer liefdevol as enige van ons.

Die nagmaal herinner ons vandag weer dat daar wel so iemand bestaan... ons groot Hoëpriester wat deur God geskenk is en wat aan ons gegee is om in ons plek voor God te staan.

Kom ons gaan dan met groot vrymoedigheid (Gr: paressia) as vrygekooptes en met die toegangsregte wat Hy verkry het, na sy troon van genade (en geregtigheid) en gaan sit aan sy nagmaalstafel. Beleef daar sy verbondsliefde wat nooit ophou nie.